Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

LIG EN DONKER

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Ek kies lig bo die donkerte
Ek kies ‘n giggel bo ‘n sug
Ek kies die stilte bo doefdoef om my ore
kabbeling ver bo die gedruis van stewels
want êrens in die stilte en in lig
is daar vrede

Ek kies ‘n haikoe bo ‘n toespraak
Ek kies ‘n sprokie bo debat
Ek glo die goeie sal uiteindelik tot sy reg kom
Dat eenvoud beter is as duister skemas
Ek sien die donker
maar ek kies die lig
versamel lig soos jy loop deur die wêreld
En deel dit oral uit
Steek ‘n kers aan – iemand het dit nodig
Vermy die donker – vat die lig

Ek kies ‘n kuier bo die TV
Ek kies my vuurtjie bo ‘n spogdinee
Ek kies teater bo die voortsleep van ‘n sepie
Seegeluide ver bo die geraas van renne
want êrens in die eenvoud en in deernis
daal daar vrede
Pluk deuntjies soos jy loop deur die wêreld
Sing ‘n stukkie elke dag
Trek ‘n skewe bek om iemand te laat glimlag
Vergeet die donker – soek die lig

Soek liefde soos jy reis deur woestyne
Drink dit in en deel dit uit
Sing dit oor en oor soos liedjies se refreine
Vermy die donker – kies die lig

Ek kies lig bo die donkerte
Ek kies dagbreek bo die nag
Ek kies my tuin bo die roesemoes van skares
Rustigheid ver bo trompet-fanfares
êrens in die stilte en in lig
Heers die vrede